

**Skriflesing:** Romeine 8:1-17

**Tema:** Ons sit nie met verslete klere op 'n skewe stoeltjie onder 'n verbleikte sonsambreel nie!

Ek lees 'n rukkie gelede dié volgende beriggie raak waarin iemand treffend skryf: “Nou die dag loop ek 'n effens verslete ou onder 'n verbleikte sonsambreel by 'n vlooiemark raak. Sy stoel is gedaan en sy tafeltjie staan skeef.

Hy lyk moeg en afgerem – maar hy doen sy bes om mense te oortuig om 'n boek te koop wat handel oor: “Hoe om vinnig ryk te word.”

Ek kon my oë nie glo nie Al het ek hom innig jammer gekry, was die versoeking groot om in sy oor te fluister: “Lees die boek en doen wat daarin staan!”

Daar is ongelukkig iets van hierdie verhaaltjie waar in ons as kinders van die Here en ons as kerk se lewens. Ons leef partykeer met verslete klere op 'n skewe stoeltjie onder 'n verbleikte sonsambreel en dit is so onnodig!

### **Ons leef nog soos slawe van sonde.**

Ek wil nie te veel oor hierdie onderwerp sê nie. Ek lig net so paar punte uit sodat ons kan sien hoe lyk die lewe waarin ons deur sonde vasgekeer was.

As slaaf van sonde, was sonde my baas. Weens my sondige natuur was ek in stryd teen God se wil. Ek wil nie en kan nie God se wil doen nie. Daarom het ek in vyandskap met God geleef.

Soos Paulus in Rom 7:18b-20 het ek telkens ervaar:

“Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie.

<sup>19</sup>Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.

<sup>20</sup>En as ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon. (In die Boodskap staan daar: “ek is nie meer in beheer van my eie lewe nie, sonde is my baas.”)

As slaaf van sonde leef ek in vrees vir God se veroordeling. God se straf op sonde is die ewige dood.

Vir 'n slaaf van sonde klink elke doodsberig soos die geknars van die sleutel in 'n ter dood veroordeelde se seldeur. Dan breek die einde finaal aan. Daar is niks meer daarna nie.

Maar God het reeds alles gedoen om ons te verlos van die hierdie lewe. Ons moet in die Boek (Bybel) lees hoe om regtig ryk te wees. En ons moet so gaan leef!

### **Ek is nie langer 'n slaaf van sonde nie, ek is 'n kind van God.**

Die Here Jesus Christus het gekom as Verlosser om ons van hierdie ploeterbestaan te bevry. God het deur Jesus Christus afgereken met my sonde.

Hoor sy uitnodiging in Jes 1:18: “Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.”

Hoor sy belofte in 1 Joh 1:9: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”

Die Here spreek my vry van sonde. Daar is geen veroordeling meer nie. Ek hoef nooit weer wakker te lê of skuldig te voel oor sonde nie. Ek moet dit opreg voor God bely. Dan vergewe Hy dit.

En ek moet toelaat dat die Heilige Gees nuwe lewe in my werk.

Wanneer die Gees in beheer van my lewe is, kan ek doen wat die wet van my vra. Die wet roep ons op tot liefde vir God en mekaar. Die eerste deel van die vrug wat die Heilige Gees in my werk is liefde.

Die Gees werk in my die splinternuwe lewe in Jesus Christus.  
Die Gees seën my met die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

Die Gees lei my in 'n nuwe intieme verhouding met God en gee my geloofsekerheid. Kyk na die wonderlike waarhede rondom kind van God wees in Rom 8:14-16.  
In Rom 8:14 lees ons dat die Gees ons kinders van God maak.

Ons lees in Rom 8:15 dat die Gees ons God laat aanspreek as "Abba". Jesus het sy Vader in gebed aangespreek as Abba in die tuin van Getsemane. (Mark 14:36) Dit is 'n Woord gevul met warmte, innigheid en vertroulikheid. 'n Woord so kosbaar dat nie uit Aramees vertaal is nie. Hy is nie die "Groot Man of die Man daarbo of daar ver" nie, Hy is kinders van God se Abba, Pappa.

In Rom 8:16 lees ons dat die Heilige Gees en my gees getuig dat ek 'n kind van God is. Volgens Joodse regsopvatting staan 'n saak vas en seker wanneer 2 getuies dit so bevestig.

Ek is ook 'n erfgenaam van die heerlijkheid van die Here. In Rom 8:17 staan in die boodskap: "Omdat ons sy kinders is, is ons ook sy erfgename. Ons erf nou saam met Christus alles wat God beloof het. Terwyl ons op ons ewige erfposisie wag, kry ons geestelik baie swaar hier op aarde. Ons ervaar dieselfde tipe swaarkry as wat Christus beleef het toe Hy nog op aarde was. Maar ons weet dat as ons nou saam met Hom ly, ons ook saam met Hom in sy heerlijkheid in God se nuwe wêreld sal bly.

As kind van God is ek 'n erfgenaam van die lewe. Vanuit 'n intieme verhouding met God, is ek nie meer bang vir die dood nie. Ek weet dat die dood die dag is waarop Christus my kom haal na sy hemelse Vaderhuis. Die dood is die begin van 'n nuwe lewe waarin ek vir altyd saam met God sal lewe. Ons word in hierdie tyd so baie met dood gekonfronteer. As kind van die Here het ek nie net 'n lewenssin nie, maar ook 'n sterwenssin.

Ons het opnuut gehoor hoe klink die lewe van geestelike rykdom, die nuwe lewe waarin God vir ons wil laat deel deur sy Heilige Gees.  
Maar ons het 'n keuse. God, Vader, Seun en Heilige Gees het my reeds gekies. Hy het reeds sy alles vir ons gegee. Hy roep vir ons in Rom 8:4, 5 en 14 op om aan Hom oor te gee. Ons moet in gebed oorgee, ons deur die Gees laat beheers en lei.

Ek kan my lewe lank bly waar ek is, 'n slaaf van sonde wat 'n lewe van geestelike armoede, dood, gevangenskap en vrees leef.

Of ek kies God se wil vir my. Ek laat toe dat Hy my van my verslete sondevuil klere bevry. Ek staan op van my skewe stoeltjie onder die verblykte sonsambree. Ek kies om kind van God te wees en die ryk lewe van geloofsekerheid en vryheid en vrede te gaan leef.

Slaaf van sonde of kind van God? - die keuse is joune.

Amen